2018/10/08
09:01 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/10/08	DATUM 2018/10/01			+ - WEEK GELEDE 2018/09/25		+ - MAAND GELEDE 2018/09/03		+ - JAAR GELEDE 2017/10/02	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent ($/b)	84.19	-0.69	-0.8%	84.88	4.3%	80.70	8.3%	77.71	50.2%	56.05
US$: ? ZAR	14.85	0.080	0.5%	14.77	3.2%	14.39	0.7%	14.74	9.1%	13.61
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 152.55	34	1.6%	R 2 118.85	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 842.81	39	1.4%	R 2 803.61	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 741.65	72	1.5%	R 4 669.43	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Des '18	368.20	3.80	1.0%	364.40	2%	360.40	1%	365.00	-7%	397.00
Wheat Des '18	521.00	4.40	0.9%	516.60	-1%	527.00	-4%	545.50	0%	523.25
Soybean Nov '18	869.00	8.60	1.0%	860.40	3%	841.00	3%	843.50	-11%	978.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Mar '19	3600.00	0	0.0%	3600.00	0.0%	3600.00	0.0%	3600.00	#VALUE!	NA
WMAZ Oct '18	2402.00	17	0.7%	2385.00	4.0%	2309.00	1.1%	2377.00	30.5%	1840
WMAZ Jul '19	2590.00	18	0.7%	2572.00	5.5%	2454.00	0.5%	2578.00	25.5%	2064
YMAZ Oct '18	2445.00	25	1.0%	2420.00	4.6%	2338.00	0.7%	2427.00	24.4%	1965
YMAZ Jul '19	2573.00	17	0.7%	2556.00	5.6%	2437.00	0.5%	2559.00	19.7%	2150
SOY Oct '18	4534.00	-16	-0.4%	4550.00	1.8%	4455.00	0.5%	4510.00	-4.0%	4725
SOY Mei '19	4815.00	4	0.1%	4811.00	1.4%	4749.00	0.9%	4770.00	-3.2%	4976
SUN Oct '18	5280.00	50	1.0%	5230.00	4.7%	5045.00	1.9%	5181.00	11.1%	4752
SUN Mei '19	5084.00	48	1.0%	5036.00	2.3%	4970.00	0.1%	5081.00	1.7%	5000
WHEAT Oct '18	4450.00	30	0.7%	4420.00	2.5%	4340.00	#VALUE!	NA	8.0%	4120
WHEAT Des '18	4549.00	11	0.2%	4538.00	2.9%	4419.00	1.8%	4468.00	11.1%	4096
OLIESADE (US$/ton)	2018/09/28	Bron: Oilworld			2018/09/21		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	676				1.7%	665	-12%	769	0%	676
Soya-pell, Arg.	338				-0.9%	341	0%	339	-8%	368
Soybean, Brazil	405				0.0%	405	-1%	410	-1%	410
USA Runner 40/50	1330				0.0%	1330	-17%	1600	2%	1300
Sun-oil, Arg.	680				-0.7%	685	-10%	755	-15%	800
Sun-oil, Black Sea	675				-1.5%	685	-10%	750	-10%	750
Sunseed,Black Sea	340				-1.4%	345	-15%	400	-17%	409
Rapeseed, EU cif	435				-0.2%	436	2%	425	9%	399
Palmk oil Mal, EU	805				-3.0%	830	-45%	1470	-22%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: Die wêreld uitvoere van sojabone is laer as die uitvoere van die vorige seisoen hoofsaaklik as gevolg van die laer Sjinese sojaboon invoere vir die seisoen en die verwagting is dat die Sjinese invoere gedurende Oktober tot Desember verder sal daal as gevolg van die beperkte voorraad wat beskikbaar is die Suid Amerikaanse lande gedurende hierdie tyd van die seisoen. Die laer uitvoerbare voorraad in hierdie lande plaas vir Sjina nou in 'n moeilike situasie aangesien daar nie meer genoeg voorraad is vir hul totale behoeftes nie. Die groot vraagstuk in die volgende paar weke sal steeds wees of Sjina wel hierdie seisoen weer van die VSA af gaan invoer of nie. In die VSA is die stroop proses effens vertraag verlede week as gevolg van reën wat oor groot gedeeltes van die Middeweste voorgekom het. Die verwagting is dat daar hierdie week steeds reën sal voorkom wat die stroop proses hierdie week ook stadiger sal laat plaasvind. Die Amerikaanse sojabone wat tot dusver gestroop is lyk goed en die verwagting is dat die USDA moontlik in die volgende skatting produksie vir die seisoen hoër kan aanpas vanaf die vorige skatting. Dit Amerikaanse sojaboon produksie vir die seisoen word reeds teen 'n nuwe rekord geskat. In Brasilië vorder die nuwe seisoen aanplantings goed. Daar is in sommige gedeeltes effense bekommernisse as gevolg van droë toestande wat daar heers, maar volgens die voorspellings behoort daar gunstige reën in die volgende twee tot drie weke daar voor te kom. In Argentinië is die verwagting dat die sojaboon uitvoere in die volgende 3 maande behoort toe te neem met meeste van die uitvoere wat vir Sjina bestem sal wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die rand was verlede week weer baie volatiel en het hoofsaaklik verswak wat weer ondersteuning aan die plaaslike pryse gebied het.

Sonneblomsaad: In die EU is die sonneblomsaad verwerkings vir die jaar tot en met Augustus aansienlik hoër as wat die dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar was. In die ander groot sonneblom produserende lande, soos die Swartsee streek, is die produksie vir die seisoen goed met goeie opbrengste wat in lande soos die Oekraïne gerapporteer word. Die groter produksie vir die seisoen in hierdie lande stimuleer ook die verwerking van sonneblomsaad en dit plaas druk op die pryse van sonneblomsaad olie en meel. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Kanola: Die Australiese kanola uitvoere het gedurende Augustus goeie herstel getoon nadat dit vroeër hierdie seisoen teen 'n baie stadige tempo plaasgevind het. Die uitvoere van 95 000 ton wat gedurende Augustus gerapporteer was, is 'n nuwe 5 jaar hoogtepunt vir die maand en dit was ook aansienlik meer as die uitvoere wat gedurende Augustus 2017 gerapporteer was. Die meeste van die uitvoere wat gerapporteer was, was vir Japan bestem. In Kanada vertraag nat toestande die stroop proses van kanola en die stroop proses vind aansienlik stadiger plaas as 'n jaar gelede. Daar is egter steeds groot kanola voorrade beskikbaar in Kanada as gevolg van groot oordragvoorraad vanaf die vorige seisoen. **Plaaslik:** Die oesproses van kanola het verlede week begin in sommige gedeeltes van Weskaap. Die produksieomstandighede vir die seisoen was goed en die produksieverwagtinge lyk baie goed hierdie seisoen. Daar is egter sekere gedeeltes in veral die Suidkaap waar die reën vir die seisoen later gekom het.

Grondbone: In die VSA is die stroop proses van grondbone aan die gang en in verlede week se weeklikse USDA skatting was die stroop proses op 21% voltooi gerapporteer. Dit is beter as die 5 jaar gemiddelde stroop tempo van 19% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die grondboon produksietoestande was op 71% goed tot uitstekend gerapporteer wat effens laer is as die vorige seisoen se 75% goed tot uitstekend teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** In die plaaslike mark moet die voorbereiding weer begin vir die nuwe seisoen se aanplantings en die weerstoestande in die volgende paar weke sal fyn dopgehou word.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.